Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 14 Nov 2018
Page: 7

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

**Sport**

# Tuks-prys as eeu se beste verras LJ




**LJ van Zyl, Suid-Afrikaanse 400 m-hekkiesrekordhouer, is as Tuks se mansatleet van die eeu aangewys.**
Foto: REG CALDECOTT

**Wilhelm de Swardt**

Dit gebeur te gereeld dat baie van Suid-Afrika se jong talentvolle atlete "verdwyn" sonder dat hulle ooit hul volle potensiaal verwesenlik.

LJ van Zyl, die Suid-Afrikaanse 400 m-hekkiesrekordhouer, wat as Tuks se mansatleet van die eeu aangewys is, erken die statistieke bekommer hom, veral nadat hy navorsing vir sy meestersgraad daaroor gedoen het.

"Ek het beslis nie al die antwoorde nie, maar enigeen wat omgee, sal weet dat ons dit nie in Suid-Afrikaanse atletiek kan bekostig nie," sê Van Zyl.

Hoewel hy vroeër vanjaar sy spykerskoene vir goed weggebêre het, is Van Zyl steeds passievol oor atletiek.

"In die 17 jaar dat ek deelgeneem het, het ek vele hoogtepunte beleef, maar daar was ook teleurstellings. Meer belangrik is dat elke wedloop waaraan ek deelgeneem het, my iets geleer het. Ek sal graag die ervaring wil terugploeg deur veral jong afrigters by te staan."

Van Zyl is 'n voorstander daarvan dat talentvolle jong atlete van meet af behoorlik ondersteun word.

"Dis belangrik dat hulle gereeld deur kundiges getoets word. Dalk elke ses weke. As dit gedoen word, is ek seker moontlike beserings en ander terugslae kan voorkom word voordat dit in 'n krisis ontaard. Dit sal dalk ook goed wees as ouer atlete wat Suid-Afrika by die Olimpiese Spele of wêreldbyeenkomste verteenwoordig het, die jonger atlete mentor. Daar is geen rede waarom foute herhaal moet word nie.

"Eintlik kom dit daarop neer dat die werklik talentvolle atlete van meet af goed moet ondersteun word. Nog iets wat belangrik is, is dat almal wat by atletiek betrokke is, voortdurend op die uitkyk vir nuwe talent moet wees."

Van Zyl erken hy is effens onkant gevang met die aankondiging dat hy Tuks se mansatleet van die eeu is.

"Ek het dit nie verwag nie. Tuks het so 'n besonderse atletiekgeskiedenis oor die afgelope 100 jaar. Net om deel van die klub te wees was spesiaal. Daar was soveel goeie atlete wat ook die toekenning kon ontvang. Daarom is dit vir my 'n besonderse eer."

Van Zyl beskou die 2011-wedloop waarin hy die Suid-Afrikaanse 400 m-hekkies-rekord na 47.66 s verbeter het as die beste van sy loopbaan.

"Ek kan nie sê dit was 'n volmaakte poging nie. Ek het agterna weer na video's van die wedloop gekyk. Ek het foute gemaak wat my tyd gekos het, maar om die eerste atleet te wees om 'n Suid-Afrikaanse rekord op Tuks se baan te hardloop was spesiaal. Om dit nog voor my 'eie mense' te kon doen was ongelooflik."

In die 17 jaar dat hy deelgeneem het, het Van Zyl 154 keer tye vinniger as 50 sekondes in die 400 m-hekkies opgestel. Hy was in 68 wedlope vinniger as 49 sekondes en by vyf geleenthede het hy tye vinniger as 48 sekondes opgestel.

Van Zyl was in 2006 die Statebondspele-kampioen en in 2010 het hy 'n silwermedalje gewen. In 2011 het hy 'n bronsmedalje op die wêreldbyeenkoms gewen. Hy is ook 'n voormalige junior wêreldkampioen.

Caster Semenya is Tuks se vroueatleet van die eeu.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.